higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VOLHOUBARE TOERISME IN SUID-AFRIKA
NKR VLAK 2

(11011062)

8 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 1 bylae.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.
4. Gebruik ‘n SWART of BLOU pen.
5. Laat minstens DRIE reëls na elke vraag oop.
6. Begin elke vraag op ‘n NUWE bladsy.
7. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

VRAAG 1

1.1 VRAE 1.1.1–1.1.5 bevat beskrywings van geleenthede/feeste wat in Suid-Afrika plaasvind. Kies EEN naam uit die lys hieronder en pas elkeen van hierdie beskrywings. Skryf slegs die naam langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

Nedbank Golf-uitdaging; Twee Oseane; Walvisfees; Reis-indaba; Kersiefees

1.1.1 Dit is die grootste jaarlikse toerisme-bemarkingsgeleentheid in Durban, waar toerisme-ondernemings van die hele Afrika, hul toerisme-produkte bemark.

1.1.2 Gedurende hierdie fees, vier toeriste en inwoners in Hermanus, die migrasie van hierdie spesie gedurende September.

1.1.3 Hierdie is ‘n 56 km ultra-maraton wat jaarliks gedurende April in Kaapstad plaasvind.

1.1.4 Dit is ‘n jaarlikse professionele golftoernooi vir mans wat jaarliks te Sun City gedurende November plaasvind.

1.1.5 Hierdie fees word jaarliks in Ficksburg gehou en inwoners en gaste het die geleentheid om produkte te koop.

(5 × 1) (5)

1.2 Gee ‘n rede waarom elk van die volgende nasionale ordes toegeken word:

1.2.1 Orde van Mapungubwe

1.2.2 Orde of Baobab

1.2.3 Orde van Mendi

1.2.4 Orde van Luthuli

1.2.5 Orde van Ikhamanga

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.3 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

‘n Jong paartjie van Zambië gaan die Wes-Kaap vir 5 dae besoek. Hulle is lief vir die natuur en ‘n stil omgewing.

Watter besienswaardighede sal jy aanbeveel ten einde die volgende te sien:

1.3.1 ‘n Plek wat bekend staan as die ‘Volstruishoofstad van die wêreld’ en die Outeniekwa-berge kan sien.

1.3.2 ‘n Berg wat as een van die ‘Sewe Wonders van die Wêreld’ bekend is.

1.3.3 ‘n UNESCO-terrein bestaande uit 18 biodiversiteit ‘hotspots’ bekend vir verskillende inheemse plantspesies, byvoorbeeld fynbos.

1.3.4 ‘n Plek wat ‘n belangrike wynproduserende reeks wat wêreldwyd bekend is vir heling, warmmineralebronne en die Langeberg is.

1.3.5 ‘n Plek langs die Tuinroete waar hul oesters en bier wat plaaslik gebrou is kan proe.

(5 × 1) (5)

1.4 Noem die nasionale paaie/roetes wat hul sal gebruik, indien hul reis vanaf:

1.4.1 Knysna na Plettenbergbaai

1.4.2 Kaapstad na Beaufort-Wes

1.4.3 Oudtshoorn na George

(3 × 1) (3)

1.5 Beantwoord die volgende vraag deur die toepaslike kaartsleutel/simbool wat elk van die volgende aantoon te teken:

1.5.1 Hoofstede

1.5.2 Nasionale paaie

1.5.3 Toerisme-inligtingskantore


1.5.4 Lughawens

1.5.5 Bergreekse

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.6 Gebruik die nasionale vlag van Suid-Afrika om die onderstaande vrae te beantwoord.



1.6.1 Noem enige DRIE kleure wat in die vlag gebruik word en verduidelik die betekenis van hierdie kleure. (3 × 2) (6)

1.6.2 Verduidelik wat die Y-vorm in die vlag verteenwoordig/simboliseer. (1)
[30]

VRAAG 2

2.1 Kies 'n stad of dorp uit KOLOM B wat by 'n nasionale park in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Golden Gate Nasionale Park	A	Upington
2.1.2	Addo Olifant Nasionale Park	B	Beaufort West
2.1.3	Augrabies-waterval Nasionale Park	C	Graaff Reinet
2.1.4	Kruger Nasionale Park	D	Port Elizabeth
2.1.5	Tafelberg Nasionale Park	E	Plettenbergbaai
2.1.6	Pilanesberg Nasionale Park	F	Phalaborwa
2.1.7	Marakele Nasionale Park	G	Rustenburg
2.1.8	Karoo Nasionale Park	H	Kaapstad
2.1.9	Tsitsikamma Nasionale Park	I	Bethlehem
2.1.10	Kamdeboo Nasionale Park	J	Vaalwater
		K	Tzaneen

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

2.2 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

OPGRADERING VIR ST. LUCIA-MONDING BEPLAN

Die St Lucia-riviermond in Isimangaliso-vleilandpark in KZN is geoormerk vir 'n opgradering. Vyftien projekte sal geïmplementeer word om die park te rehabiliteer en op te gradeer om die ekologiese kwessies rondom die riviermonding en die strande aan te spreek. Die opgradering sal ekologiese funksionering verbeter en moderne besoekersfasiliteite moderniseer. Die opgradering sal ook die uitbreiding van die huidige riviermondingspaadjie, die byvoeging van nuwe ablusiegeriewe, die konstruksie van 'n 'meet and greet'-sone, plaveisel van oppervlaktes en verbeterde parkeerareas insluit. Die park sal ook die toegang tot 'n voetgangerroete en piekniekareas skep en formaliseer met die bekendstelling van die voetpad se naambord. Die ontwikkeling is daarop gemik om te help met die rehabilitasie en herstel van versteurde gebiede langs die riviermondings en strandomgewings. Nuwe koppelings met bestaande selfgeleide voëlkyk- en wildpaaie sal ook bygevoeg word

[Bron*: www.tourismupdate.co.za*]

2.2.1 Gee DRIE positiewe omgewingsimpakte van toerisme op die park vanuit die bostaande scenario. (3 × 2) (6)

2.2.2 Stel DRIE metodes wat die parkbestuur kan aanvaar om die park vir toekomstige generasies te bewaar. (3 × 2) (6)

2.2.3 Verduidelik die doel van die Omgewingsimpakassessering met betrekking tot die opgraderings wat vir die park beplan word. (2)

2.2.4 Noem VIER ekonomiese voordele vir die plaaslike gemeenskappe om die park te bewaar. (4)

2.3 Beveel die korrekte prosedure aan om skade aan die park te rapporteer, sou enigeen opmerk dat die park beskadig is. (2)

[30]

VRAAG 3

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 Tafelberg is in die Oos-Kaap wat vir sy walvisse bekend is, geleë.

3.1.2 Die Magaliesberge strek noord vanaf Johannesburg en suid van Pilanesberg.

3.1.3 Die Baviaanskloof-berge word in die Noord-Kaap aangetref.

3.1.4 Die Soutpansberg is in KwaZulu-Natal geleë.

3.1.5 Die Groot-Keirivier loop vanaf Queenstown na Keimond in die Indiese Oseaan.

3.1.6 Die Vaalrivier is die langste rivier in Suid-Afrika.

3.1.7 Die Molopo-rivier is die 4de langste rivier in Suid-Afrika en is in die Noordwes-Provinsie geleë.

3.1.8 Die Bloemhof-dam is op die grens tussen Noordwes en die Vrystaat geleë.

3.1.9 Die Vanderkloof-dam gaan deur die Wes- en Oos-Kaap.

3.1.10 Die Gariep-dam is op die grens tussen die Vrystaat en die Oos-Kaap geleë.

(10 × 1) (10)

3.2 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

> Kerala, een van die vele Indiese state, lok jaarliks hoë volumes toeriste. Een van Kerala se sleutelverkooppunte is die huisboot, wat gebruik word om die agterwaters te bevaar. Dit het egter baie negatiewe uitwerkings op die plaaslike gemeenskappe. Baie hiervan kan vermy word deur die implementering van volhoubaarheid. Die tradisionele huisboot is 'n grasdak, wat nou in 'n luukse passasiersboot omskep is. Dit is tradisioneel gebruik vir plaaslike vervoer en vir die vervoer van goedere. Die meeste vanKerala se woongebiede is langs die mere, en daar word deurlopend op privaatheid en plaaslike kultuur inbreuk gemaak. Toeriste wat op hierdie woonbote reis, neem dikwels foto's van plaaslike mense by hul huise; dit skend nie net hul privaatheid nie, maar toon 'n gebrek aan respek. Sommige gemeenskappe in Kerala is arm en wanneer hierdie luukse bote met toeriste verbydryf, veroorsaak dit soms 'n gevoel van wrewel. Verder sal die grootste impak van woonbote op die omgewing wees, aangesien hulle die watergehalte reeds verminder het deur dit te besoedel. Drywende plastieksakke kan in die meer gevind word.

[Bron: *www.travel-conference.co.uk*]

3.2.1 Gee, vanuit die voorafgaande scenario VIER negatiewe sosio-kulturele uitwerkings van toerisme op plaaslike gemeenskappe. (4)

3.2.2 Stel DRIE maniere voor waarop die spanning tussen die plaaslike inwoners en die toeriste opgelos kan word. (3 × 2) (6)

3.2.3 Noem TWEE negatiewe uitwerkings van toerisme op die omgewing. (2)

3.3 Onderskei tussen *tasbare* (‘*tangible’)* en *ontasbare (‘intangible’)* erfenis en gee EEN voorbeeld van elk. (2 × 2) (4)

3.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae.

> Die Minister van Binnelandse Sake het in 2012 aangekondig dat passasiers wat per lug met kinders in Suid-Afrika reis, ‘n onverkorte geboortesertifikaat vir elke kind moet verskaf. Die finalisering van ‘n onverkorte geboortesertifikaat kan tot 8 weke neem. Lugrederye sal gedwing word om gesinne wat sonder hierdie dokumente in hul besit reis, te weier.

Gee TWEE negatiewe uitwerkings vanuit bogenoemde scenario wat jy dink hierdie nuwe reël op toerisme sal hê. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 4

4.1 Beantwoord die vrae in die onderstaande tabel deur die beskrywings van die besienswaardighede en die provinsies waarin dit geleë is te identifiseer. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

BESKRYWING VAN DIE BESIENSWAARDIGHEID	NAAM VAN DIE BESIENSWAARDIGHEID	PROVINSIE WAAR DIE BESIENSWAARDIGHEID GELEË IS
Hierdie UNESCO-terrein is die oudste astrobleem, wat die diepste gewortel en bekend is vir 'n 2 miljard-jarige groot meteorietrots.	4.1.1	4.1.2
Hierdie is Suidelike Afrika se grootste bergwoestynpark en is bekend vir die kokerboom.	4.1.3	4.1.4
Hierdie UNESCO-terrein is een van die grootste koninkryke in Afria en is bekend vir die goue renoster en die San-rotstekene.	4.1.5	4.1.6
Hierdie is 'n UNESCO-terrein waar jy die fossiel hominide-terreine van Sterkfontein en Kroondraai, en die Taung-skedel-fossielterrein wat 3.3 miljoen jare gelede dateer, kan sien.	4.1.7	4.1.8
Hierdie is 'n werkende hawe in Kaapstad wat bekend is vir die Twee Oseane-akwarium, restaurante, 450 winkels, en geboue in die Victoriaanse styl.	4.1.9	4.1.10

(10 × 1) (10)

4.2 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die onderstaande lys te gebruik. Skryf slegs die ontbrekende woord/e langs die vraagnommer (4.2.1 – 4.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

Panorama; Roete 62; Vriendelike N6; Namakwaland; Krokodilmeander

4.2.1 Die …-roete is bekend vir sy asemrowende uitsigte, die Mac-Mac-waterval en die Blyderivier-ravyn.

4.2.2 Die … roete noord van Kaapstad is op die N7 en is vir sy wildeblomme bekend.

4.2.3 Die … roete verbind die Vrystaat en die Oos-Kaap en besienswaardighede sluit die selakant, die bekende antieke visfossiel in.

4.2.4 Die … roete is die langste wynroete in die wêreld en kronkel tussen Kaapstad, Oudtshoorn, die Tuinroete en Port Elizabeth en bied beter alternatiewe na die N2-hoofweg.

4.2.5 Die … roete is slegs 30 km vanaf Johannesburg en is bekend vir die Wieg van die Mensdom, die Magaliesberg en die Hartbeespoortdam.

(5 × 1) (5)

4.3 Lees die volgende scenarios en beveel die tipe kaart wat deur elk van die individuele toeriste gebruik moet word aan. Skryf slegs die tipe kaart langs die vraagnommer (4.3.1 – 4.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.3.1 Mnr Thabo wil graag oor ‘n straatnaam in Port Elizabeth uitvind.

4.3.2 Mev. Douglas wil graag oor die ligging van die Drakensberg, die Oranjerivier en Lake Sibaya uitvind.

4.3.3 Sdumo wil uitvind hoe Zimbabwe in terme van provinsies, dorpe en hoofstede ingedeel is.

4.3.4 Mnr Sibiya vlieg vanaf is Johannesburg na Brasilië. Hy wil uitvind watter roete sy lugredery sal gebruik om na Brasilië te vlieg.

4.3.5 Mnr Zamdela wil oor die ligging van die Kruger Nasionale Park uitvind.

(5 × 1) (5)

4.4 Gebruik die kaart van die Nelspruit SSK, aangeheg as ‘n BYLAE en beantwoord die volgende vrae:

4.4.1 In watter rigting sal Thabo reis, indien hy vanaf die Protea Hotel na Ou Pretoriaweg ry? (2 × 1) (2)

4.4.2 In watter rigting sal Sindi reis indien sy vanaf Madibaweg na De Villiersstraat sou ry? (2 × 1) (2)

4.4.3 Mnr Solomon ry tans deur Sonheuwel Sentraal en hy wil na Nelspruit Sentraal gaan.

Gee aan hom die aanwysings na Nelspruit Sentraal. (6 × 1) (6)

[30]

VRAAG 5

5.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 Die … grotte is die oudste grotte in Suid-Afrika.

A Kango
B Sudwala
C Kroondraai

5.1.2 Die … is in 1996 in Suid-Afrika vir die bevordering en ontwikkeling van toerisme geskryf.

A Wet op Nasionale Hulpbronne
B Witskrif op Toerisme
C Wet op Grondsake

5.1.3 Die …-status word aan strande wat skoon en oor goeie waterkwaliteit beskik, toegeken.

A Billike Handel (‘Fair Trade’)
B Groen Blaar (‘Green Leaf’)
C Blou Vlag (‘Blue Flag’)

5.1.4 Hierdie park green aan Suid-Afrika en Botswana.

A Mapungubwe Oorgrenspark
B Kruger Nasionale Park
C Kgalagadi-Oorgrenspark

5.1.5 … is bekend as die Jakarandastand weens die baie jakarandabome.

A Johannesburg
B Kaapstad
C Pretoria

(5 × 1) (5)

5.2 ‘n Afkorting is ‘n verkorte woord of frase vir ‘n term. Skryf die volledige term of frase vir elk van die volgende afkortings neer:

5.2.1 WESSA

5.2.2 DEAT

5.2.3 WWF

5.2.4 SAHRA

5.2.5 UNESCO

(5 × 2) (10)

5.3 Onderskei tussen *verantwoordelike toerisme (‘responsible tourism’)* en *volhoubare toerisme (‘sustainable tourism’)*. Ondersteun jou antwoord deur EEN voorbeeld van elk te gee. (2 × 2) (4)

5.4 Waarom is dit noodsaaklik vir toeriste om skade aan die omgewing te rapporteer? (1)

5.5 Noem VYF ekosisteme (biome) wat in Suid-Afrika aangetref word. (5)

5.6 Dorpe is dikwels toegangspunte na of naby nasionale parke.

Kies ‘n lughawekode uit KOLOM B wat by ‘n lughawe in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (5.6.1–5.6.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B
5.6.1	Oos-Londen-lughawe	A UTT
5.6.2	Kimberley	B NTY
5.6.3	Phalaborwa-lughawe	C ELS
5.6.4	Pilanesberg-lughawe	D KIM
5.6.5	Mthatha-lughawe	E PHW
		F XED

(5 × 1) (5)

[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

BYLAE



Kopiereg voorbehou